# Hoofstuk van die dag: Numeri 7

> *Telkens wanneer Moses in die tent van ontmoeting ingegaan het om met die Here te praat, het hy die stem van die Here met*

*hom hoor praat. Die stem het van die deksel af gekom tussen die twee gerubs uit, die deksel op die ark waarin die getuienis was. So het die Here met Moses gepraat. (vers 89)*

Toe ek hierdie vers gelees het, was ek nogal jaloers. Om te dink dat die Here met 'n hoorbare stem met Moses gepraat het! In Eks 33:11 lees ons boonop dat die Here direk met Moses gepraat het soos 'n man met sy vriend. Dis mos die opperste weelde.
Natuurlik het hierdie voorreg met baie groot verantwoordelikheid gepaard gegaan. Moses het nie 'n maklike taak gehad nie, en hy het al die hulp wat hy kon kry, nodig gehad. Dis die een ding waaraan ek gedink het toe ek oor hierdie uitspraak gedink het. Die ander ding is dat God met ons óók praat. Party mense getuig dat die Gees van God met hulle praat deur 'n hoorbare stem. Ek het dit nog nooit beleef nie. Maar tog, die stem van die Here is so naby soos jou Bybel. Dit is immers God se Woord, en Hy praat inderdaad daardeur met ons.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026